

7 Maart

Skrifgedeelte: Miga 5

Fokusgedeelte: Miga 5:1

Klein, en tog ...

God kies uit. Hy kies en roep mense, soos Dawid, om 'n leier vir sy volk te wees. Hy kies ook plekke uit waar Hy sy raadsplan wil uitvoer. Al is Betlehem een van die kleinste onder die stede van Israel, maak God van hom iets besonder. Dawid, die man na God se hart, en Jesus, God se Seun, in wie Hy 'n welbehag het, kom uit Betlehem. Hulle gee aan Betlehem betekenis ver bo wat die dorpie self kon bereik. Uit Betlehem laat God die verlossing van sy volk kom, die aanvoeders wat die vyand van God sal verslaan.

By jou doop is jy gemerk om woonplek van die Gees van God te wees – as die plek vanwaar God sy krag in hierdie wêreld wil uitoefen. Maak nie saak hoe klein jy in jou eie oë is, of hoe jy met ander mense vergelyk nie. God wil jou gebruik om deur jou die vyande van God te verslaan. Wanneer Jesus deur die geloof in jou gestalte kry en jy breek met jou sonde, maak jy die oorwinning wat Jesus behaal het, 'n werklikheid. Ook wanneer jy die blye evangelie aan ander verkondig en hulle hul bekeer, breek die oorwinning van Christus deur in hierdie donker wêreld.

Die betekenis van jou lewe hier op aarde is nie opgesluit in jou grootheid en belangrikheid of jou prestasies nie, maar in Hom wat vanuit jou lewe heers. Jesus Christus wat deur sy Gees en Woord in jou leef, regeer ook deur dit wat jy sê en doen. Dit gee aan jou lewe betekenis, en hierdie betekenis kan niemand van jou af wegneem nie.

Sing: Psalm 138:3, 4 (1936)

Dr G Breed (Randburg)

